DIE MATIE (Stellenbosch)
26 Sep 2013, p6

Fokus op diversiteit en 'n Suid-Afrikaanse identiteit skep

RSG praat saam in Neelsie

RICKY KLOPPER

Vir Suid-Afrika om vorentoe te beweeg, moet die nuwe generasie Suid-Afrikaners saamwerk om 'n Suid-Afrikaanse identiteit te skep.

Dit was een van die gevolgtrekkings van paneellede by 'n onlangse gesprek wat in Stellenbosch deur Radio Sonder Grense (RSG) gevoer is.

RSG se Praat-Saam program het Woensdag, 4 September 'n spesiale uitsending vanuit die Langenhoven Sentrum, oftewel Neelsie, in Stellenbosch uitgesaai.

Aanbieder Lynette Francis het 'n gesprek met verskeie paneellede oor Suid-Afrikaanse identiteit gefasiliteer, terwyl onderwerpe soos diversiteit en die land se toekoms ook bespreek is.

Die paneel, wat die Universiteit Stellenbosch (US) Rektor en Visekanselier professor Russel Botman, Roelf Meyer, professor Julian Sonn, Eleanor Swarts, en Stellenbosch studente Nokwanda Malumbete en Heleen Hofmeyer ingesluit het, was aangemoedig om hulle menings oor die saak te lig.

Daar was ook geleenthede vir gehoorlede en radioluisteraars, met Twitter en SMS'e, om kommentaar te lewer.

Volgens Botman ontwyk Suid-Afrikaners gesprekke oor identiteit en diversiteit, en het die tyd aangebreek "dat ons ernstig met mekaar praat oor wat dit is wat ons nader aan mekaar bring".

Dit was die tweede van 'n reeks gesprekke met denkleiers oor onderwerpe wat Suid-Afrikaners gereeld vermy, 'n inisiatief van Botman, die universiteit en RSG.

Botman en voormalige Minister Roelf Meyer het kommentaar gelewer op Suid-Afrikaners se neiging om op ons verskille, eerder as ons gemeenskaplikhede, ingesteld te wees.

"Ons het te lank op diversiteit gefokus. Voor 1994 was dit as gevolg van apartheid," sê Botman.

» "Die verantwoordelikheid is by die nuwe generasie om 'n Suid-Afrikaanse identiteit te skep."

Sedertdien, volgens Botman, fokus politici hul verkiesingsveldtoë op enkele taal- en rasgroepe en sodoende word Suid-Afrikaners steeds in groepe verdeel.

Die alternatief, sê Botman, is om eerder te vra "wat maak ons Suid-Afrikaans?" en 'n Suid-Afrikaanse identiteit te skep.

"Die verantwoordelikheid is by die nuwe generasie om 'n Suid-Afrikaanse identiteit te skep," het Meyer, 'n sleutelspeler in die destydse NP-ANC onderhandelings gesê.

Om dit te doen, sê Meyer, is dit noodsaaklik om mekaar te leer ken, mekaar te respekteer en mekaar te vertrou.

Professor Julian Sonn, dosent in diversiteitsbestuur, ontwikkeling en transformasie by die US, het hierby aangesluit, alhoewel hy spesifiek die land se diversiteit as 'n sterkpunt identifiseer. "In verhoudings bou kan ons mekaar se verskille en gemeenskaplikhede leer ken. Dan gaan ons die voordele wat aan diversiteit gebonde is besef," het Sonn gesê.

'n Duidelike tema van die gesprek was die feit dat Suid-Afrikaners te min oor hierdie belangrike kwessies praat.

Eleanor Swart van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening het hieraan geraak. "As Suid-Afrikaners het ons 'n verantwoorlikheid om geleenthede te skep vir hierdie gesprekke."

Malumbete, 'n regstudent en inwoner van die Universiteit se Luister, Leer en Leef huis, sê "ons behoort ongemaklike gesprekke met mekaar hieroor te hê in plaas daarvan om dinge te ignoreer."

"Dis belangrik vir 'n mens om die moed te hê om 'n ongewilde opinie te hê, eerder as om altyd polities korrek te probeer wees", het haar medeinwoner by die LLL huis, Hofmeyer, aangesluit.

Die volgende Praat-Saam gesprek in die Neelsie vind in Oktober plaas en sal weer studente 'n geleentheid skenk om deel te neem in die gesprek.